VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Anton Botha, Lauren Hurst.
Maandag:	Elke Booysen, Hannelie Botha, Hendrik Briedenhann, Anna Strauss, Elise Opperman, Magda van der Merwe, Thys van Schoor.
Dinsdag:	Herena Breunissen, Joshua Cloete, Annelize Jonker, Christian Lewis, Johan Momberg.
Woensdag:	Franciska Agenbag, Kobus Bergh, Gerda Oberholzer.
Donderdag:	Taylor Kotzé.
Vrydag:	Kassie Booysen, Vivian Fanoudis, Heleen Hayman, Nelson Mostert, Lienka Williers.
Saterdag:	Wessel Geldenhuys, Pieter Meyer, Schalk van Heerden, Amanda van Zyl.

"REFLECTIONS ON SPIRITUAL FORMATION"
'n Konferensie asook twee naweke van afsondering in Greyton
Aangebied deur Jan Johnson **13-23 September 2019**
Vir verdere navrae kontak 082 442 7694 of stuur 'n e-pos aan enquiries@spiritualformation.org

Indien jy graag jou besigheid op ons 2020 kalender wil adverteer of indien jy 'n spesiale teksvers hiervoor wil borg, kontak gerus die kerkkantoor of stuur 'n e-pos aan admin@nghottentotsholland.co.za

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee.
NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste. Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad: http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar: Nicola Alberts; 074 313 7745; nicola@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 1 SEPTEMBER 2019

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

VANDAG:	TWAALFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD
09:00:	EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	HEBREËRS 13:1-8
TEMA:	TE VEEL ONTEVREDE OOR ALLES, TE WEINIG TEVREDE MET NIKS.

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS.

19:00	NICOLA ALBERTS, EWALD VAN RENSBURG EN SCHALK TREURNICHT
SKRIFLESING:	MARKUS 2:1-12
TEMA:	ASSEBLIEF
REEKSTEMA:	JOU LEWE MET GOD IN 12 EENVOUDIGE WOORDE

 # OP WEG - KOM KUIER VOORAF SAAM RONDOM 'N KOPPIE KOFFIE

Die nagmaal van 8 September is verskuif na 15 September

DEUROFFERS:

Verlede week is R2486 ingesamel vir Aanhouwen

Vandag se deuroffer: Instituut vir die dowes

Die Nasionale Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om die Dowes se stilte en afgesonderdheid te verbreek deur vir hulle taal aan te leer, die Woord van God te leer, en alles-omvattende dienste te verskaf. Vandag, 135 jaar later, is die Nasionale Instituut vir Dowes verantwoordelik vir Volwasse meervoudig-gestremde Dowes wie nie selfstandig kan funksioneer nie en residensiële sorg en beskermde werkswinkels binne 'n terapeutiese omgee-gemeenskap ontvang. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige en gemaklike omgewing vir Dowes asook liggaamlik gestremde Dowes en Doof-blinde persone. Die NID Akademie bied steundienste waaronder maatskaplike en terapeutiese ondersteuning aan persone met gehoorverlies. NID Kollege bied verskeie geakkrediteerde beroepsopleidings-programme vir dowe studente aan. Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei by Deaf Christian Ministry Africa by NID om die meer as 400 000 moeilik bereikbare Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord.

Volgende week: Helderberg Hospice

RES VAN DIE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
Woensdag:	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke
Donderdag:	16:00	Macassar Jesusbende

GRAAD 4-10

LENTEDAG-UITSTAPPIE na Robari
Direk na die erediens
(ons behoort teen 11:15 terug te wees)

MACASSAR JESUSBENDE

Ons gemeente is al 'n geruime tyd betrokke met die jeug van Macassar. Ons bedien kindertjies tussen die ouderdom van 6 en 13 jaar op 'n weeklikse basis met 'n Bybelstorie, 'n broodjie en liefde.
Het jy dalk 'n tydjie beskikbaar op 'n Donderdagmiddag? (15:45-17:00) Word deel van hierdie projek en maak 'n verskil in hierdie kindertjies se lewens.
Dankie vir die handjie vol wat reeds betrokke is en ook aan die broodjie-makers elke Donderdag.

LOSLITDAG - 6 SEPTEMBER
Loslitdagplakkers beskikbaar by die kerkkantoor @ R10
(ten bate van Aanhouwen)

Neute en dadels beskikbaar by die kerkkantoor – kom maak 'n draai

NOG NET 1 WEEK VOOR KERMIS 2019

VRYDAGAAND, 6 SEPTEMBER

Vanaf 18:45 word Kerrie & Rys bedien met 'n glasie Wyn
Koeldrank,water & koffie te koop
20:00 vertoning deur Andriëtte Norman
DAAR IS NOG HEELWAT KAARTJIES BESKIKBAAR

SATERDAG, 7 SEPTEMBER
PARTYDJIETYD

8:30 "We are one - fun run" (Medalje vir ELKE deelnemer)
Heerlike ontbyt & koffie
Varsgebak deur ons eie dames beskikbaar in die teetuin
Snoeperye, beskuit, koekies & neute
Vetkoek en pannekoek
Vars groente & vrugte
Hamburgers, poeding
Kinderspeletjies
Wit olifante

DANKIE VIR ELKEEN SE BYDRAES SOVER!
SONDER BYDRAES KAN HIERDIE DAG NIE 'N SUKSES WEES NIE.

Laat weet as jy nog nie iewers betrokke is nie en graag wil help op die dag - ons kort nog hier en daar hande.
Kontak gerus vir Rencia vir enige navrae by
021 852 5004